

# KOERSVAS

Jaargang 4      Uitgawe 77      4 Desember 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Kiekies in die geskiedenis

Die geskiedenis is nie staties nie. Die geskiedenis van die mensdom is 'n aaneenlopende proses met gebeurtenisse wat inmekaar gevleg is. Ons kan kwalik een gebeurtenis in isolasie neem en dan sin daarvan maak.

Tog is dit so dat daar oomblikke in die geskiedenis is wat bepalend uitstaan. Dit is gebeurtenisse wat gevolge het wat eggo, soms vir eeu. Daardie oomblikke staan uit soos ligbakens in die duister van die verlede. Hierdie oomblikke in die geskiedenis, is soos die foto's wat ons teen die muur het.

Die foto's teen die muur vertel 'n verhaal van ervarings, verhoudings en uitdagings. Die kiekies is gestolde oomblikke. Ons koester daardie oomblikke. 'n Troufoto is 'n gestolde oomblik, en tog kyk 'n paartjie 50 jaar later steeds met deernis na daardie foto, ook omdat dit 'n verhaal vertel van sewe sakke sout saam.

Net so is daar oomblikke in die geskiedenis wat bepalend was en is vir dit wat gevolg het, positief of negatief. Sommige oomblikke raak die hele mensdom en ander

weer het betrekking op 'n groep. Ons nader nou twee kiekies in die gang van die geskiedenis. Geloftedag en Kersfees.

Met die nuutste tegnologie is dit moontlik om fotos digitaal te manipuleer. Ons kan deesdae op 'n selffoon met sagteware soos *photoshop* enige foto wysig. Ons doen dieselfde met ons verlede.

Die prentjie van Geloftedag is nie een waarmee almal gemaklik is nie. Die foto is nou al so gewysig dat daar by die baken van die Groot Trek, die Voortrekkermonument, gepraat word van Versoeningsdag. Die foto het al begin vergeel en daarom is daar besluit om 'n nuwe prentjie in die raam te plaas. Die probleem is net dat daardie prentjie nie meer in lyn is met die gestolde oomblik nie. Die slag van Bloedrivier en die wonders wat daar gebeur het, is die enigste kiekie wat in daardie raampie pas. Ons moet mooi kyk en raaksien dat ons as nasate van daardie geharde, gelowige vegters moet veg om daardie foto te behou. Die kiekie van Kersfees is nou al so vervorm dat dit baie moeite en aandag gaan verg om daardie foto te restoureer. Kersfees is 'n herinnering aan (al is ons nie werklik seker oor die datum nie) daardie oomblik in die geskiedenis toe God nie net

geskiedenis gestuur het nie, maar self in die geskiedenis ingetree het. Die Tweede Persoon van God Drie-Enig het mens geword. Immanuel beteken nie metafories God met ons nie. Immanuel beteken letterlik dat God in hierdie werklikheid ingekom het. Dit is die kern van die foto teen die muur.

Tipies menslik het daar al soveel ontkennings en wysigings ingesluip dat die foto moeilik herkenbaar is. Kersvader, winkelklingels en kunstenaars se verbeeldingsvlugte het die foto laat vervaag en skeeftrek.

Versigtige, deeglike teologiese restourasie is nodig om die foto van Kersfees weer te herstel tot daardie oomblik in die geskiedenis toe God mens geword het en alles onherroeplik verander het.

Ons bede is dat almal 'n ware Christusfees sal ervaar en dat die wonderskone foto van God se genade glashelder almal sal troos en bemoedig.

## BERIGTE

- Meyerspark neem Sondag 6 Desember 2015 om 11:00 afskeid van Dr en mevrou Malan Storm. Baie geluk aan Dr Storm, u en u getroue gade verdien die ruskansie wat wag. Ons is dankbaar vir alles wat u gedoen het vir die kerk en trots daarop om u te kan ken as 'n Bondspredikant. Beginselvaste bediening is nie altyd maklik nie. U is vir almal tot voorbeeld.
- Hierdie is die laaste uitgawe van Koersvas en Die Skietlood vir 2015. 'n Spesiale woord van dank aan prof Koos Adendorf van die APA wat ingewillig het dat ons sy skrywe oor die vrees van die Here kon plaas.

## KENNISGEWINGS

### Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – nabij Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).
- Premiermyn se kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 mense te Marloth park op die rivier het ten einde geloop. Pryswenners: 1 ste Prys: Barend Uys van Meyerspark gemeente. 2 de Prys; Hendrik Smit van Premiermyn Hervormde Kerk. 3 de Prys; Dries Fourie van Waverley.

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.



<http://www.geloofsbond.org.za/>

### •Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
  - Verlofregister R24-75 elk
  - Kwitansie R16-90 elk
  - Offergawe R6-60 elk
  - Dames Kwitansie R14-45 elk
  - Konsistorie R22-35 elk
  - Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

• **GELOOFSBONDKWILT TREKKING**  
**DV SONDAG 6 DESEMBER 2015**  
**TE PREMIERMYN, CULLINAN, NA DIE**  
**EREDIENS.** Baie geluk aan al die  
**Bondsdames. Die projek het meer as**  
**R30 000 opgelewer.**



Die Lewensbrood IV 2016 is uit.  
Maak seker dat u u kopie betyds  
by u kerkkantoor afhaal.

Vir verpakningsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by 018 381 1494.